

As bloed moet vloei

Skrifgedeelte: Psalm 79:1-9 (1933/53- en 1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 79:9

Hierdie Psalm is nogal 'n bloedige psalm. Dit vertel van baie bloed wat gevloei het toe die stad Jerusalem en die tempel van die Here in 586 vC deur die Babiloniërs ingeneem en verwoes is, en lyke op strate deur roofvoëls en wilde diere verteer is. Dit was 'n wilde tyd, 'n tyd van groot geweld. Net so wild as ons tyd waar die ISIS-beweging byna in dieselfde wêrelddeel Christenmans, -vrouens en -kinders onthoof en byna die hele die Groenewald-gesin in Afghanistan in 2015 uitgewis het – behalwe vir die ma, Hannelie, wat oorleef het.

In so 'n gewelddadige tyd bid die Ou-Testamentiese kerk dat God sy oordeel oor die heidennasies sal voltrek, nie soseer ter wille van hulleself nie, maar ter wille van sy eie Naam wat beskimp en gelaster word. Bewus van hulle eie en ook voorvadersondes, bid hulle ook om uitredding: "Help, ons, o God, ons Redder, ter wille van die eer van u Naam, red ons, vergewe ons ons sondes tot

die eer van u Naam" (vs 9). Dan eindig die Psalm met 'n belofte dat die volk, die kudde van die Here, Hom altyd sal loof en van sy roemryke daade sal vertel.

Hierdie Psalm leer ons twee dinge. Die eerste is: Wees gewaarsku: moenie roekeloos en immoreel leef en dink dat jy altyd daarmee kan wegkom nie. God oordeel oor goddeloses en Hy kan selfs die lamp van 'n gemeente van sy staanplek wegvat (Op. 2:5). Die tweede is: Daar's hoop vir elkeen wat hom/haar bekeer en na 'n lewe van liefde vir God en die naaste terugkeer (Op. 2:4-5).

Onthou altyd: Jesus Christus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die bloed van Jesus reinig ons van elke sonde (1 Joh. 1:9).



Publikasie
Publication



Nr./No.: P01